

REGISTREER AS BELASTINGPLIGTIGE

Let asseblief daarop dat die *IT77 registration for Individuals*-vorm nie meer in werking is nie en dat jy nou slegs kan registreer deur 'n [SARS-tak](#) te besoek waar die vriendelike personeel jou op die stelsel sal registreer.

Voordat jy egter die tak besoek, maak asseblief seker dat jy al die nodige stawende dokumente het.

Die volgende stawende dokumente word vereis:

1) Bewys van identiteit:

- Gesertifiseerde of ongesertifiseerde kopieë van 'n geldige identiteitsdokument, bestuurslisensie, paspoort, tydelike identiteitsdokument, asielsoekersertifikaat of -permit tesame met die oorspronklike identifikasie (identiteitsdokument sluit die groen strepieskode boekie in en die slim ID-kaart)
- In die geval waar 'n belastingpligtige minderjarig is, word 'n gesertifiseerde of ongesertifiseerde kopie van die geboortesertifikaat van die minderjarige, tesame met 'n kopie van een van die ouers/voogde se identiteitsdokument vereis. Indien daar geen oorlewende ouer is nie, moet die doodsertifikaat van een van die ouers deur die aagewese voog verskaf word.

2) Bewys van adres:

Die tabel hieronder verskaf 'n lys van dokumente wat deur SARS as bewys van woon- of besigheidsadres aanvaar word.

Die dokument moet die belastingpligtige se naam (voorletters en van of voorname en van) en die fisiese adres duidelik aandui.

	Dokument beskrywing	Geldigheidstydperk
1	ALGEMENE REKENINGE	
1.1	Nutsrekening d.i. diensgelde en erfbelasting-, water- of elektrisiteitsrekening	Minder as 3 maande oud
1.2	Rekening vanaf 'n onderwysinstelling	Minder as 3 maande oud
1.3	Koöperasie-staat (vir boere)	Minder as 3 maande oud
1.4	Mediese fondsstaat	Minder as 3 maande oud
1.5	Verbandstaat van 'n verbandlener	Minder as 6 maande oud
1.6	Telefoonrekening (alle netwerke)	Minder as 3 maande oud
1.7	e-Toll-rekening	Minder as 3 maande oud
1.8	SABC-televisielisensie	Minder as 1 jaar oud
1.9	Kleinhandelsrekening (bv. Woolworths, Edgars, ens.)	Minder as 3 maande oud
2	REGERINGSUITGEREIKTE DOKUMENTE:	
2.1	Motorvoertuiglisensie dokumente	Minder as 1 jaar oud
2.2	Hofbevel	Minder as 3 maande oud
2.3	Dagvaardiging	Minder as 3 maande oud
2.4	Verkeersboete	Minder as 3 maande oud
2.5	Dokumentasie ten opsigte van WVF of pensioenuitbetaling	Minder as 3 maande oud
3	VERSEKERINGS- EN BELEGGINGS-DOKUMENTE:	
3.1	Lewensversekeringsdokument	Minder as 1 jaar oud
3.2	Korttermyn-versekeringsdokument	Minder as 1 jaar oud
3.3	Mediese versekeringsdokument	Minder as 1 jaar oud
3.4	Begrafnispolisdokument	Minder as 1 jaar oud
3.5	Beleggingstaat ten opsigte van 'n aandeel, portfolio of eenheidtrust	Minder as 1 jaar oud
4	HUUR- / FRANCHISE OOREENKOMS:	
4.1	Huidige en geldige ooreenkoms	

Die *Confirmation of Entity Residential/Business Address*-vorm (CRA01) moet ingevul word:

- Waar bewys van woning in 'n derde party se naam is (m.a.w. iemand buiten die belastingpligtige se naam). Let asseblief daarop dat die bewys van die derde party se adres die CRA01 moet vergesel.
- 'n Brief of die CRA01 moet deur die hoof of raadslid voltooi word indien 'n belastingpligtige in 'n gebied woon waar munisipale rekeninge nie uitgereik word nie. Die belastingpligtige moet 'n brief bekom van die raadslid in die gebied waar hy/sy woon. Die hoof of raadslid hoef nie bewys van woning of ID te verskaf indien die brief of CRA01 vir 'n derde party is nie.
- Indien 'n entiteit slegs een direkteur/lid het wat ook die verteenwoordigende belastingpligtige is en die besigheid word vanaf die verteenwoordigende belastingpligtige se adres bedryf, word bewys van die woonadres vereis. Waar daar meer as een lid/direkteur is en die besigheid word vanaf een van die lede/direkteure se woonadresse bedryf, moet die CRA01 deur die ander lid/direkteur voltooi word.
- Hier is die vorm: [CRA01](#). Onthou, bepaalde verpligte inligting moet ingevul word alvorens jy in staat sal wees om die vorm te druk.

3) Bewys van bankbesonderhede:

- Oorspronklike brief van die bank, nie meer as een maand (30 dae) oud nie, wat die rekeninghouer se wettige naam, rekeningnommer, soort rekening, takkode en die datum waarop die rekening geopen is, bevestig; of
- 'n Oorspronklike bankstaat of OTM/internet-gegenereerde staat of ABSA eStempel-staat, nie meer as drie maande oud nie, wat die rekeninghouer se wettige naam, banknaam, rekeningnommer, soort rekening en takkode, indien van toepassing, bevestig; of, waar 'n nuwe bankrekening oopgemaak is en 'n bankstaat nie gelewer kan word nie, 'n oorspronklike brief van die bank, nie ouer as een maand nie, op die bank se briefhoof met die oorspronklike bankstempel wat die datum aandui waarop die bankrekening geopen is; of
- Indien die vrou/man nie 'n bankrekening het nie en verkies om sy/haar eggenoot se bankbesonderhede te gebruik, word 'n gesertifiseerde kopie van die huweliksertifikaat vereis. In die geval van 'n lewensmaat, moet 'n affidavit verskaf word.

Sodra jy geregistreer is en jou belastingnommer aan jou gegee is, kan jy vir [eFiling registreer](#), wat 'n gratis en gerieflike manier is om met SARS in verbinding te wees.

Al wat jy nodig is 'n rekenaar en toegang tot internet. As 'n geregistreeerde eFiler sal jy in staat wees om jou belastingopgawe aanlyn in te dien en betalings aanlyn aan SARS te maak, ens.